

## Maandag

Habakuk 1:1 – 8; 2: 3 – 4; 2: 6, 9, 12, 15, 19; 3: 9 – 13; 3: 17 – 19. Teks Hab. 3:19  
“Die Here gee my krag. Hy maak my voete soos dié van ’n ribbok – op hoë plekke  
laat Hy my veilig loop. Tema: "God se verbondstrou maak die uitdagings van sy  
diens binne geweld ons tuiste." Hierdie beeld van ’n ribbok wat veilig op hoë  
gevaarlike plekke loop gaan oor só ’n lewe: om gemaklik en veilig God te dien binne  
gewelddadige aanslae wat nie ophou nie. Omdat ’n ribbok ’n ribbok is, is hy nie bang  
is vir hoogtes, hoë plekke nie. In hierdie beeld is die ribbok wat hier genoem word,  
amper iets soos ons klipspringers. Hulle het die voete en behendigheid om altyd van  
een rots na die ander te spring om elke keer met hulle voete net op die regte plek vir  
veiligheid vas te trap. Juis daarom is hy op hierdie gevaarlike plekke gemaklik en  
veilig in homself, maak nie saak hoe hy gesoek, gejag, verwens of agtervolg word  
nie. Wie hoogte beheer besit die land en seëvier oor die vyand. Hierdie natuurbeeld  
van die behendigheid van ’n ribbok is terselfdertyd ook binne die boek Habakuk ’n  
krygsbeeld. Israel se soldate het die kuns bemeester om in rante en berge gemaklik  
en veilig te kon beweeg. Al die vyande van Israel se krygskuns was om vinnig oor  
vlaktes te beweeg met strydwaens en perde. Dit is hoe elke nuwe magsaanslag die  
vlaktes van Israel oorstroom het - van die Filistyne tot en met die Romeine. Hulle het  
hulle dorpe afgebrand en hul lande geplunder, maar Israel het die hoogtes beheer.  
Daarom, maak nie saak hoeveel moord, roof en plundering hierdie nasies uitgevoer  
het nie, Israel was veilig bo hierdie aanslae en kon steeds hul self wees, omdat hulle  
nie bang was vir hoë plekke nie. Preek beskikbaar op Google by [ngkerklevubu.co.za](http://ngkerklevubu.co.za)  
Ds. Petrus

## Dinsdag

Habakuk 1:1 – 8; 2: 3 – 4; 2: 6, 9, 12, 15, 19; 3: 9 – 13; 3: 17 – 19. Teks Hab. 3:19  
“Die Here gee my krag. Hy maak my voete soos dié van ’n ribbok – op hoë plekke  
laat Hy my veilig loop. Tema: 'God se verbondstrou maak die uitdagings van sy  
diens binne geweld ons tuiste.' Dit is die kuns van die ribbok: die vaardigheid en  
vermoë om plekke wat ander vreesbevange maak sy woonplek en leefplek te maak.  
Hierdie hoë plekke is die uitdaging van die lewe wat God ons gee as diens aan God.  
Dit is vaardigheid wat God ons in sy verbondstrou as Here gee – die vaardigheid en  
behendigheid om gemaklik te wees met die hoë uitdagings van die lewe wat God  
ons gee. Dit is ’n geloofsvaardigheid. Ons geloof in God se verbondstrou, wat  
Christus vir ons waarmaak, is ons vaardigheid om die hoogte te bemeester sodat  
ons plekke wat ander mense vreesagtig maak, ons leef- en woonplek maak. Want dit  
is die vaardigheid waarmee ons elke keer trap op die vaste plek van God se trou en  
God se Woord binne die lewe van hoë uitdagings binne dreigende gevare. Habakuk  
bid ’n smeekgebed tot God met die verwagting dat God die geweld in die land moet  
wegvat omdat hy voel dat God afwesig is in hierdie geweld. 1:2 : Hoe lank moet ek  
om hulp roep voordat U hoor Here, moet ek by U kla oor geweld voordat U red?” 1:4  
: Die omvang van die geweld is dat wetgewers nie meer die wet toepas nie, die reg  
in die houe korrupt is, misdadigers wetsgehoorsames oorheers en wat verkeerd is,  
goed voorgeleef word. 1: 3,4 : God se antwoord op sy smeekgebed om geweld weg

te neem is 'n totale verrassing. God antwoord die klag oor teenswoordige geweld met die aankondiging van die verskrikking van nóg meer ondenkbare en oorweldigende geweld - nie versoening, vrede en welvaart nie! 1: 5-11 : Daarmee kondig God aan dat Hy in die geweld gaan wys wat doen hy met mense vir wie hulle eie mag hul god is. Preek beskikbaar op Google by [ngkerklevubu.co.za](http://ngkerklevubu.co.za) Ds Petrus.

#### Woensdag

Habakuk 1:1 – 8; 2: 3 – 4; 2: 6, 9, 12, 15, 19; 3: 9 – 13; 3: 17 – 19. Teks Hab. 3:19

“Die Here gee my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok – op hoë plekke laat Hy my veilig loop. Tema: "God se verbondstrou maak die uitdagings van sy diens binne geweld ons tuiste." Habakuk is in die geloofskrisis dat dit voorkom asof hulle vir wie hulle eie mag hul god is (1:11), effektief god is in en oor sy lewe, terwyl God self in hierdie magsdemonstrasie met geweld niks is of kan wees nie. Daarom openbaar God met vyf ellendespreuke hoe Hy God is vir hulle wat deur geweld glo hulle mag is hul god.

1. God sal hulle wat hul deur geweld verryk het met goed wat nie aan hulle behoort het nie, self in 'n skuldstrik dompel waaruit hulle nie kan kom nie (2: 6-11)
2. God sal hulle wat hul self deur geweld verryk het deur ander mense te verarm het, se eie nageslag in armoede dompel.(2: 9 – 11)
3. God sal hulle wat deur geweld stede en nasies bou met moord en onreg, se stede en nasies waardeloos laat wees. (2: 12 – 14)
4. God sal hulle wat die gemeenskap deur losbandigheid onteer om hulle so te ontmagtig, deur hulle eie losbandigheid 'n openbare bespotting maak. (2: 15 – 17)
5. God sal die afgode van hulle wie glo hul eie mag is hul god, en hierdie afgod laat ontstaan en herleef om hul mag te bevestig, só niks en nutteloos maak soos hul afgode. (2: 18 – 20)

In hierdie openbaring van hoe God juis in en met die geweld van hulle vir wie hul eie mag hul god is, hierdie goddeloses verniel, teister, ontwig en vernietig. Habakuk gaan ontdek dat God alleen effektief in en oor sy lewe God is. Die geloof waarmee hy sy smeekgebed gebid het asof God geweld moet wegvat om effektief God te wees, was verkeerd. Hierdie mag van God in en met goddeloses se eie geweld, (2:17) maak Habakuk ootmoedig stil in God se magtige teenwoordigheid. (2:20) Preek beskikbaar op Google by [ngkerklevubu.co.za](http://ngkerklevubu.co.za) Ds Petrus.

#### Donderdag

Habakuk 1:1 – 8; 2: 3 – 4; 2: 6, 9, 12, 15, 19; 3: 9 – 13; 3: 17 – 19. Teks Hab. 3:19

“Die Here gee my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok – op hoë plekke laat Hy my veilig loop. Tema: "God se verbondstrou maak die uitdagings van sy diens binne geweld ons tuiste." Die OOMBLIK toe Habakuk God se mag sien om die mense wie se eie mag hul god is (1:11) met hulle eie gewaande mag te verniel en te vernietig, was die godsverduistering binne in Habakuk (waarin hy gevoel het God staan een kant en niks doen aan die geweld nie) verby. Hierdie geloofontdekking oor wie God vir gewelddadiges is, skep in Habakuk weer hoop vir die lewe. Dis die soort hoop wat geduldig wag op GóD vir hoe Hý geweld teen goddeloses gebruik: “Tog sal

ek geduldig wag dat die dag van oordeel moet kom oor die volk wat ons aangeval het.” (3: 16) Terselfdertyd ontdek Habakuk die lewenskuns van ’n gelowige te midde van geweld: om oor elke diep skeur en afgrond vreesloos te spring soos ’n ribbok. Die vaardigheid van ’n ribbok is die vermoë om vastrapplek op rotse te kry met voete wat op ’n rots kan vastrap. Vir die gelowige is God en God se verbondstrou sy rots waarop hy vastrap en sy geloof in God en sy verbondstrou sy voete waarmee hy vastrap. ( Ps. 18: 3,3 2; 19:5; 27: 5; 31:3; 40:3; 61: 3: 62: 7, 8 e.a.) Daarom loop gelowiges op hoë plekke veilig bokant die geweld van goddeloses. Hulle is besig met die uitdaging van hul roeping en diens, bokant die diep skeure en afgronde, bokant die magspel van goddeloses met hul eie mag en eie wette. In hierdie sekuriteit om met die krag van ’n ribbok vervul te leef, kla Habakuk nie meer in smeekgebede dat God die openbare geweld moet wegvat nie. Hy jubel in God juis deur die verliese wat hierdie geweld veroorsaak. (3:17, 18) Preek beskikbaar op Google by [ngkerklevubu.co.za](http://ngkerklevubu.co.za) Ds Petrus.

#### Vrydag

Habakuk 1:1 – 8; 2: 3 – 4; 2: 6, 9, 12, 15, 19; 3: 9 – 13; 3: 17 – 19. Teks Hab. 3:19 “Die Here gee my krag. Hy maak my voete soos dié van ’n ribbok – op hoë plekke laat Hy my veilig loop. Tema: "God se verbondstrou maak die uitdagings van sy diens binne geweld ons tuiste." Ons as kerk en gemeenskap is sedert 1994 deur die geestelikes en die magtiges gelei met die drome van burgerlike versoening, vrede en ekonomiese welvaart wat op ons sou wag, as ons die beheer van die land, ons grond en besittings opgee as ’n offer vir God vir ons sondes van die verlede. Hierdie magsdrome het ons presies in dieselfde posisie geplaas van Habakuk met sy smeekgebed oor geweld deur hulle vir hul eie mag hul god is. (1:11) Want die god wat ons offers (na 1994) moes antwoord met welvaart, is ’n god wat magteloos staan teenoor die wetteloosheid (1: 4) en gewelddadigheid van hulle vir wie hul eie mag nou almal se wet is. Hierdie god van die geestelikes is ’n afgod by wie ons altyd sal moet kerm en smek omdat hy niks kan doen nie, en jouself sal moet stukkend kerf soos die Baalprofete. (2: 18,19; 1 Kon. 18: 28, 29) Maar Habakuk sê ons moet die Here ontdek wat sê dat die geweld en wetteloosheid net in omvang sal toéneem, omdat Hy besig is om hulle vir wie hul mag hul god en wet is, met hul EIE geweld te vernietig. Dan sal ons ophou smek by ’n afgod vir die begeertes van ons harte en die gawe ontdek wat die Here Jesus Christus aan sy kerk gee te midde van die geweld wat Hy beskik en bestuur: die krag van ’n ribbok! Hy sal ons wys dat sy verbondstrou, om vir ons in geweld God en Here te wees, is die rotse waarop ons vastrapplek kry om hoog te kan leef bokant die geweld wat oor die vlaktes woed. Hy sal ons die geloof in Hom gee om met hierdie vlugvoetigheid en behendigheid nog steeds besig te wees met die wêreldlike gevare van ons roeping en diens aan God, die diep skeure en afgronde van die lewe – TUIS MET GOD binne ’n land waar hulle wie se mag hul god en wet is met geweld besig is. Preek beskikbaar op Google by [ngkerklevubu.co.za](http://ngkerklevubu.co.za) Ds Petrus.